XAMARIN GHOLF EN COUNTRY KLUB

KONSTITUSIE EN REELS

1. NAAM

"Die naam van die klub sal wees Xamarin Gholf en Country Klub, hierna verwys na as ""die Klub""."

2. STIGTING

"Die Klub word gestig met die doel om al die normale bedrywighede van binne- en/of buitemuurse sport- en ontspanningsaktiwiteite, gholf en sosiale geleenthede te reel, bestuur, bedryf, aan te bied en te onderhou en om sodanige aksies te loods en aan te gaan soos wat nodig mag wees om sy doelstellings te bereik."

3. MAGTE EN DOELSTELLINGS VAN DIE KLUB

Sonder om afbreuk te doen aan die bogenoemde algemene magte en sonder beperking daarvan sal die Klub die volgende magte he:

(a) "Om toegangsfooie of ander gelde te vorder vir toegang tot en die gebruik van Xamarin Guestfarm en Country Club (West Coast Hotels) se eiendom, gronde, geboue en fasiliteite soos ooreengekom met die eienaars daarvan ."

(b) Om wedersydse verhoudinge op te bou met soortgelyke of ander institusies in Suid Afrika of ander lande.

(c) Om kontrakte en samewerkingsooreekomste aan te gaan met enige persoon of liggaam.

4. HOOF DOELSTELLINGS

"Die hoofdoelstelling van die Klub sal wees om al die normale fasiliteite van 'n sport-, gholf- en binne- of buitemuurse sosiale klub beskikbaar te stel en om alle sodanige dinge te doen of te laat doen vir of bykomstig tot die verwesenliking van sodanige doelstellings inter alia:"

4.1 "Om 'n sport-, gholf-, sosiale- en countryklub te stig."

4.2 "Om 'n gholfbaan beskikbaar te stel deur n ooreenkoms aan te gaan met Panorama , Xamarin Guestfarm en Country Klub (West Coast Hotels)."

4.3 "Om ander sport- en sosiale fasiliteite beskikbaar te stel soos die Klub van tyd tot tyd mag besluit en om sodanige fasiliteite en ander fasiliteite wat daarmee verband hou te onderhou, verbeter, bestuur en beheer."

4.4 "Om ander geriewe en fasiliteite wat vir die aanbied van die aktiwiteite van die klub benodig word, te voorsien en te onderhou."

4.5 Om enige ander wettige dinge te doen soos wat nodig mag wees om die voorgenoemde doelstellings van die Klub te verwesenlik.

4.6 Om enige winste wat gemaak word uit die aktiwiteite en aanbiedinge van die Klub alleenlik aan te wend tot voordeel van die Klub en sy lede.

5. REGTE MBT LIDMAATSKAP

"Lidmaatskap tot die klub sal nie aan enige lid die reg gee tot enige titel, eis, belang in en regte in enige van die Klub se fondse, eiendom of bates nie en verleen slegs aan lede die reg en voorreg om te betree en gebruik te maak van die gronde, geboue en fasiliteite soos beskikbaar gestel deur die komitee van die Klub en onderhewig aan die beperkinge, reels en regulasies, toegangs- en gebruiksgelde en ander fooie soos van tyd tot tyd deur die bestuur van die Klub neergele mag word."

6. AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

"In die geval waar die Klub finansieel sou ondergaan, sal daar geen aanspreeklikheid of eise teen enige van sy lede wees nie, behalwe in soverre dit betref uitstaande ledegelde of ander gelde wat 'n lid aan die Klub verskuldig mag wees."

7. SAMESTELLING EN LEDE

Die klub sal bestaan uit lede soos verkies of toegelaat as lede na aanleiding van hierdie reels.

(a) "Volle lidmaatskap, wie behoorlik verkose lede is wat lede is van gholf- en/of ander sportkodes soos van tyd tot tyd deur die bestuur goedgekeur word."

(b) "Sosiale lede, behoorlik verkies."

(c) "Junior lede, wie lede is wat primere, sekondere of ander voltydse formele opvoeding bywoon en moet bona fide werklose skoliere of studente wees wie nie finansieel selfonderhoudend is nie en moet onder die ouderdom van 21 jaar wees. Lede moet by aansoek om lidmaatskap bewys lewer van registrasie. Persone onder 21 wie werk en selfonderhoudend is, kwalifiseer nie. Alle lede in hierdie kategorie moet voorgestel en sekondeer word deur 'n bestaande volopbetaalde lid wie, deur dit te doen, volle verantwoordelikheid aanvaar vir sodanige lid se optrede, disipline en finansiele verpligtinge teenoor die klub. Ledegelde teen 50 % korting . Geen korting op baanfooie nie ."

(d) "Lewenslange lede, wie lede is wie 'n lewenslange lidmaatskapsfooi betaal soos jaarliks deur die bestuur vasgestel ."

(e) "Senior lede, wie lede is wat 65 jaar of ouer is en sal 'n 50% afslag ontvang op ledegelde. Geen afslag sal egter toegestaan word aan senior lede op toegangsfooie nie."

(f) Korporatiewe lede wie besighede of groepe is op uitnodiging en voorwaardes en fooie soos deur die bestuur besluit op eie diskressie.

8. BEPERKINGE OP REGTE VAN SEKERE LEDE

(a) Slegs volle lede sal geregtig wees daarop om voor te stel of te sekondeer enige kandidaat vir enige soort lidmaatskap.

(b) "Alle lede sal geregtig wees daarop om alle algemene vergaderings van die Klub by te woon, maar slegs volle lede sal stemgeregtig wees op enige aangeleentheid ter sprake."

(c) Geen lid of gas onder die ouderdom van 18 jaar mag van die drankfasiliteite by die kroeg gebruik maak of enige alkoholiese verversings bestel of gebruik nie.

9. KANDIDATE VIR LIDMAATSKAP

(a) Enige kandidaat vir verkiesing as 'n lid moet voorgestel word deur een volle lid en sekondeer word deur 'n ander volle lid.

(b) "Na die verstryking van 30 dae nadat die aansoek (en besware daartoe) op die kennisgewingbord van die Klub aangebring is, sal dit oorweeg word deur die bestuur wie die reg sal he om dit goed of af te keur of anders mee te handel, behalwe dat ras, kleur, geslag of geloof nie die oorsaak sal wees dat 'n aansoek afgekeur sal word nie. Indien die bestuur gekant is teen die aansoek sal dit afgekeur word. Indien enige lid van die bestuur dit so verkies, sal stemming dmv 'n stembrief geskied."

(c) Enige lid van die Klub mag beswaar maak teen die voorstelling van 'n kandidaat vir lidmaatskap op die kennisgewing bord aangebring. Sodanige beswaar sal op skrif gestel word met volle redes en aan die sekretaris oorhandig word nie later nie as 30 dae nadat die aansoek van die kandidaat vir die eerste keer op die kennisgewing bord verskyn het.

(d) Die bestuur het die reg om navraag te doen oor verdere besonderhede van die aansoeker soos benodig mag word en om te verwag van enige aansoeker of beswaarmaker om voor die komitee te verskyn om enige vrae te beantwoord wat aan hulle gestel mag word.

(e) Geen aansoeker sal lidmaatskap ontvang tensy die intreefooie betaal is nie.

10. PROSEDURE NA VERKIESING

"Met die verkiesing van elke nuwe lid, sal hy/sy deur die sekretaris in kennis gestel word en voorsien word van 'n afskrif van die Klub se konstitusie en reels. Soos elke lid, na betaling van sy/haar ledegelde, geregtig is op die voordele en voorregte van die Klub, sal sodanige betaling gesien word as aanvaarding en neerlegging by die re‰ls en konstitusie van die Klub en boetes, strawwe en optredes wat hieruit mag voortspruit, en enige veranderinge en byvoegsels daartoe soos van tyd tot tyd mag geskied."

11. VERANDERING VAN LIDMAATSKAP

"Enige lid mag dmv skriftelike kennis aan die sekretaris sy tipe lidmaatskap verander. Sodanige lid sal verantwoordelik wees om die verskil tussen die intreefooie te betaal, asook die verskil in ledegelde vir die oorblywende deel van die jaar."

12. VERBOD OP LIDMAATSKAP

Geen persoon wat gelys is weens die nie-betaling van ledegelde by hierdie klub sal oorweeg word vir lidmaatskap nie.

13. REGISTER VAN LEDE

n Register van alle lede sal deur die bestuur bygehou word.

14. OPSKORTING EN SKORSING

"Indien enige lid doelbewus enige reels of regulasies van die Klub oortree, of enige persoon die Klub inbring wie se teenwoordigheid strydig is met die Klub se reels, regulasies en reputasie en afbreuk doen daaraan en ander lede affronteer, of indien enige lid na die mening van die bestuur skuldig is aan gedrag nie toepaslik vir 'n heer of dame nie, of nie optree in belang van die Klub nie, hetsy binne of buite die klubgrense, dan sal die bestuur die mag he:"

14.1 "Om sodanige lid tot verantwoording te roep en om voor die bestuur die geleentheid te kry om sy/haar aksies te verdedig, verduidelik of die teendeel te bewys."

14.2 Om onmiddellik sodanige lid se voorregte en regte mbt die Klub se eiendom en fasiliteite op te skort tot 'n datum deur die bestuur bepaal.

14.3 "Om sodanige lid uit die klub te skors. Indien die bestuur sou besluit om sodanige lid te skors, dan sal die bestuur sodanige lid redelike kennis gee om voor die komitee te verskyn ten einde sy/haar optrede te verduidelik, verdedig of te regverdig."

14.4 Om te eis van enige geskorste lid enige uitstaande ledegelde en/of ander skuld wat deur sodanige lid aan die klub verskuldig mag wees.

15. PROSEDURE TOT OPSKORTING EN SKORSING

Die besluit deur die bestuur tot opskorting of skorsing sal plaasvind deur stemming per stembriefie en sodanige opskorting of skorsing sal slegs van krag wees indien daar 'n meerderheid van 75% van die volle lede van die bestuur ten gunste daarvan stem.

16. TOEGANGSFOOIE EN LEDEGELDE

"Toegangsfooie en ledegelde betaalbaar deur lede sal bepaal word by 'n Algemene Jaarvergadering

van tyd tot tyd, of by 'n Spesiale algemene vergadering na genoegsame kennis, met dien verstande dat:"

(a) Die toegangsfooie en ledegelde betaalbaar deur lede sal deur die bestuur vasgestel word van tyd tot tyd soos nodig. Die veranderinge aangebring deur die bestuur moet egter regverdig word by die volgende Algemene jaarvergadering.

(b) "n Kennisgewing wat die klasse van lede, intreegelde, ledgelde en ander fooie aandui, sal te alle tye op 'n opsigtelike plek op die kennisgewingbord van die Klub aangebring wees."

(c) Die bestuur het die reg om ledegelde of baanfooie te verminder op die meriete van 'n gemotiveerde aansoek.

17. DATUM VAN BETALING VAN LEDEGELDE

"Behalwe in die geval van nuwe lede, sal alle ledegelde verskuldig wees op die 1ste dag van Desember jaarliks en betaalbaar gedurende Desember jaarliks of, met skriftelike toestemming van die bestuur, in twee gelyke paaiemente gedurende Desember en Junie jaarliks. Intreefooie en ledegelde van nuwe lede sal betaalbaar wees soos deur die bestuur vasgestel van tyd tot tyd. Enige lid wat nalaat om sy/haar ledegelde te betaal na 60 dae nadat dit betaalbaar geword het, sal (a) rente betaal op die uitstaande bedrag teen 24% per jaar maandeliks saamgestel en gekapitaliseer, en (b) sal baanfooie betaal teen besoekers tariewe. Enige lid wat nalaat om sy/haar ledegelde te betaal na 90 dae nadat dit betaalbaar geword het, sal outomaties sy/haar lidmaatskap verloor."

18. BEDANKING VAN LEDE

"Lede wat nie teen 31 Desember jaarliks die sekretaris skriftelik in kennis stel van hulle voorneme om te bedank as lede nie, sal aanspreeklik wees vir die betaling van die daaropvolgende jaar se ledegelde."

19. BEKENDMAKING VAN LEDE

Name van lede wat meer as 90 dae agterstallig is met hulle ledegelde sal op die kennisgewingbord vertoon word. Die bestuur mag enige sodanige lid hertoelaat as lid op voorwaarde dat die lid weer intreefooie en enige agterstallige ledegelde plus rente soos genoem in reel 21 betaal.

20. BESTUURSKOMITEE

"Die bestuurskomitee sal bestaan uit volopbetaalde lede van die Klub, as volg:"

(a) President
(b) Visie-President
(c) Sekretaris
(d) Tesourier
(e) Klubkaptein
(f) Dameskaptein
(g) Ontwikkelingsbeampte
(h) Algemene bestuurder (Nie-verkose / Amptelike pos)
(i) Voorgeebeampte

21. NOMINASIES VIR BESTUURSKOMITEE

"Nominasies vir die bestuurskomitee sal skriftelik gelewer word aan die sekretaris ten minste 2 dae voor die algemene jaarvergadering, met dien verstande dat geen nominasies benodig word vir die uittredende bestuur nie wie ipso facto herverkiesbaar sal wees. Elke persoon wat genomineer word sal sy nominasie skriftelik aanvaar op die nominasie vorm. Alle nominasies, sowel as lede van die uittredende bestuur wat hulle herverkiesbaar stel, se name sal onmiddellik op die kennisgewingbord aangebring word vir kennisname deur die klublede."

22. VERGADERINGS

Die bestuur sal ten minste een keer kwartaaliks vergader en daar sal behoorlik notule gehou word van elke vergadering.

23. MAGTE VAN DIE BESTUUR

"Die totale bestuur en beheer van die Klub sal toevertrou word aan die bestuur, met dien verstande dat geen besluit van 'n Algemene vergadering nietig verklaar kan word deur 'n bestuurskomitee, indien sodanige besluit wettig geneem was nie. Sonder om afbreuk te doen aan die algemene magte hierin vervat, sal die bestuur die volgende magte he:"

(a) Om enige tydelike vakante pos in die bestuur te vul deur die verkiesing van 'n ander lid.

(b) "Om te funksioneer, nieteenstaande die feit dat daar vakante pos of poste in die bestuur is met dien verstande dat daar 'n kworum sal wees soos later hierin genoem."

(c) "Om die reels en regulasies van die klub te neem, aan te pas en te verander na eie diskressie om uitvoering te gee aan die voorsienings gemaak in sodanige reels en regulasies, onderhewig aan die Drank en dobbelwet en in die algemeen aangeleenthede verbind met die Klub en sonder dat dit bots met die doelstellings van die Klub."

(d) "Om bankiers en werknemers van die Klub aan te stel of af te dank en om hul magte, pligte en vergoeding te bepaal."

(e) "Om te bestuur en te beheer alle fondse, inkomste, uitgawes en ander finansiele aangeleenthede van die Klub, met dien verstande dat alle tjeks deur die tesourier en een ander estuurslid onderteken word."

(f) Om uitvoering te gee aan die besluite van die vol lede van die Klub by 'n Jaar- of Spesiale vergadering.

(g) "Om enige magte van die bestuur te deligeer na 'n sub-komitee, wie nie noodwendig hoef te bestaan uit lede van die bestuur nie."

(h) "Om alle dispute, wat skriftelik aan die bestuur gelewer moet word, te besleg."

(i) "Om die naam van enige lid wat nalaat om enige gelde wat verskuldig is aan die Klub te betaal, te verwyder van die Klub register."

24. KWORUM BY BESTUURSVERGADERINGS

By alle bestuursvergaderings sal 50% van die lede 'n kworum vorm. Die voorsitter sal 'n beslissende stem addisioneel tot sy normale stem he by staking van stemme en alle sake voortspruitend uit 'n vergadering sal beslis word deur die meerderheid stemme.

25. AFWESIGHEID VAN LEDE BY BESTUURSVERGADERINGS

"n Lid wat sonder verlof van drie agtereenvolgende vergaderings wegbly sal, ipso facto, ophou om 'n lid van die bestuur te wees. Die bestuur mag aan enige lid verlof toestaan om afwesig te wees by 'n vergadering."

26. ALGEMENE JAARVERGADERINGS

(a) Die Algemene jaarvergadering sal gehou word nie later nie as twee maande na die einde van die finansiele jaar van die Klub vir die doel:

(i) Om die verslag van die uittredende bestuur te ontvang en bespreek.

(ii) Om die finansiele jaarstate te ontvang en te bespreek.
(iii) Om die nuwe bestuur te verkies.
(iv) "Om algemene besigheid te bespreek. Geen ander sake, behalwe hier genoem, en ook sake wat skriftelik aan die sekretaris voorgele was ten minste sewe dae voor die

vergadering, sal op die vergadering behandel word nie."

(b) Alle ander vergaderings sal Spesiale algemene vergaderings genoem word en dieselfde reels van n algemene jaarvergadering sal geldig wees .

(c) "Alle Spesiale algemene jaarvergaderings sal bekendgemaak en adverteer word op die Klub se kennisgewingbord ten minste sewe dae vooraf, met dien verstande dat die bestuur, indien dit nodig is, 'n Spesiale algemene vergadering op enige ander manier en korter kennis mag bele sou 'n dringende aangeleentheid 'n besluit van die lede regverdig."

27. KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

"Kennis van die Algemene jaarvergadering, wat die agenda sal insluit, sal aangebring word op die Klub se kennisgewingbord ten minste veertien dae vooraf."

28. KENNIS VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

"Die bestuur kan te enige tyd 'n Spesiale algemene vergadering bele deurdat hulle daartoe skriftelik versoek word en dit onderteken is deur ten minste tien volle lede wat stemgeregtig is en wat aandui wat die doel van sodanige vergadering is. Enige ander sake wat die bestuur sou goeddink kan ook op hierdie vergadering bespreek word, maar geen ander besigheid behalwe soos gespesifiseer sal behandel word nie. Die kennistydperk sal wees soos gestel in punt 26(c) hiervoor."

29. PROSEDURE BY SPESIALE EN ALGEMENE JAARVERGADERINGS

"Tien volle lede teenwoordig en stemgeregtig sal 'n kworum vorm op elke Spesiale en Algemene Jaarvergadering, behalwe vir die doel van paragraaf 41 (ontbinding) waar 51% van volle lede 'n kworum sal vorm."

30. VOORSITTER BY SPESIALE EN ALGEMENE JAARVERGADERINGS

"Die voorsitter van die bestuurskomitee, en in sy afwesigheid die onder-voorsitter, en in sy afwesigheid 'n lid van die bestuur soos aangestel deur die vergadering sal die stoel inneem tydens sodanige vergaderings. Indien geeneen van bogenoemde teenwoordig is of bereid is om die stoel te neem nie, dan sal die teenwoordige volle lede uit eie geledere 'n voorsitter kies.."

31. STEMMING

Alle besluite by die Algemene of Spesiale jaarvergadering sal geneem word deur die opsteek van hande en in die geval van gelyke stemme sal die voorsitter 'n beslissende stem he.'n Stemming per stembrief mag aangevra word deur enige vyf volle lede teenwoordig.

32. VERBOD OP TEENWOORDIGHEID

Geen lid wie se ledegelde agterstallig is met meer as 30 dae sal toegelaat word om op vergaderings te stem of om vergaderings in terme van reel 28 aan te vra nie.

33. KENNISGEWING AAN LEDE

Algemene klubkennisgewings aan lede sal aangebring word op die kennisgewingbord en enige sodanige kennis sal gesien word as behoorlik gegee aan elke lid. Elke lid sal aan die sekretaris 'n adres verskaf waarheen ander kennisgewings aan hom/haar gestuur kan word. Alle sodanige kennisgewings sal geag word behoorlik gegee te wees indien gestuur na die adres verskaf deur die lid.

34. BOEKHOUDING

Die bestuur van die klub sal volledige rekeninge byhou:

(a) Van alle bates en laste van die Klub.

(b) Van alle inkomste en uitgawes van die klub en aangeleenthede wat hiermee gepaard gaan.

By die Algemene jaarvergadering sal die bestuur voorle behoorlik geouditeerde Balansstaat en Inkomste/Uitgawe rekening wat die posisie van die Klub weerspieel aan die einde van die finansiele jaar.

Die Finansiele Jaareinde van die klub sal wees 30 September jaarliks.

35. ONDERTEKENING VAN BALANSSTAAT EN REKENINGE

Alle finansiele state sal vergesel word deur 'n verslag van die bestuur en sal onderteken word deur die voorsitter en die tesourier.

36. INSPEKSIE VAN BOEKE

"Die bestuur sal van tyd tot tyd besluit hoe en in watter mate, tyd en plek en onder watter omstandighede en regulasies die boeke en rekeninge van die Klub oop sal wees vir inspeksie deur die volle lede en geen lid sal die reg tot inspeksie he op 'n manier anders as deur die bestuur besluit nie."

37. OUDIT

"n Ouditeur sal jaarliks tydens die Algemene jaarvergadering aangestel word om die boeke van die Klub te oudit. Indien nagelaat word om 'n ouditeur aan te stel, sal die vorige ouditeur aangaan met sy pligte asof heraangestel."

38. BALANSSTAAT TE VOORSIEN AAN OUDITEUR

"Die ouditeur sal voorsien word van Balansstaat en Inkomste/Uitgawe rekening van die Klub soos voorgele gaan word by die Algemene jaarvergadering, tesame met die tersaaklike bewysstukke en dokumente verbonde daaraan op 'n tyd wat die ouditeur genoegsame tyd sal gun om die stukke na te gaan en 'n verslag voor te berei wat behandel sal word deur die ouditeur op die Algemene jaarvergadering."

39. REG TOT INSPEKSIE VAN BOEKE DEUR OUDITEUR

Die ouditeur sal te alle redelike tye toegang he tot die boeke en rekeninge van die Klub en by magte wees om vrae hieroor aan die bestuur te stel.

40. VRYWARING

(a) "Die bestuur en ouditeur van die Klub word gevrywaar van enige en alle aksies, koste, klagtes, verliese en skade veroorsaak in die uitvoering van hulle pligte en geeneen sal verantwoording hoef te doen vir die aksies van ander nie of verantwoordelik wees vir krediteure, bankiers of ander persone mbt finansiele of ander sake van die Klub nie, mits hulle in goeie trou opgetree het, nie oneerlik was of bedrog gepleeg het nie en nie teenstrydig met hulle magte en pligte opgetree het nie of tensy hulle doelbewus nalatig opgetree het."

(b) "Die Klub sal op geen manier verantwoordelik wees vir skade aan besittings of eiendom of beserings aan persoon, veroorsaak op watter manier ookal en deur wie ookal, van enige persoon of lid wat gebruik maak van die Klub se fasiliteite en eiendom of perseel nie."

41. ONTBINDING

"Die Klub mag ontbind deur besluitneming van nie minder nie as 51% van die stemgeregtigdes in persoon teenwoordig by 'n Spesiale algemene vergadering waarvan ten minste 30 dae vooraf kennis vir die doel van die vergadering gegee is aan elke lid en waarby ten minste 51% van die volle lede teenwoordig is, met dien verstande dat sou die benodigde getal volle lede nie teenwoordig wees nie dan sal die vergadering uitgestel word met 14 dae en behoorlike kennis van die uitstel sal aan alle lede gegee word met die doel van die uitgestelde vergadering. Sou die benodigde getal volle lede nie teenwoordig wees by die uitgestelde vergadering nie, dan sal die teenwoordige volle lede die reg he

om voort te gaan met die vergadering en die saak en besluitneming en sal sodanig besluit hier geneem wettig en bindend wees. Die huidige bestuur van die Klub sal optree as likwidateurs en hulle mag hulle magte deligeer na enige ander persoon indien hulle dit nodig vind. Alle bates van die klub, nadat alle laste verantwoord is, sal oorgemaak word aan Xamarin Guestfarm en Country Klub."

42. VERANDERING VAN REELS

"Geen reel hierin vervat of hierna gemaak sal te enige tyd verander, weggeneem of bygevoeg word behalwe deur besluitneming by 'n Algemene jaarvergadering of Spesiale algemene vergadering waarvan ten minste veertien dae behoorlike kennis gegee is soos hierin voorsiening gemaak en welke kennis sal bevat die doel en aard van die verandering van die reels. Geen veranderinge aan die reels sal toegelaat word wat die regte van Lewenslange lede sal beinvloed nie, tensy die meerderheid van die Lewenslange lede daartoe instem."

43. TEKENMAGTE

"Alle regsdokumente, kontrakte en ooreenkomste sal geteken word deur enige twee van die Voorsitter, Tesourier of Sekretaris gesamentlik."

44. ALGEMEEN

44.1 Alle inkomste van die Klub verdien uit die bedrywighede van die Klub sal die Klub toeval en nie aan enige individu nie.

44.2 "Die Klub mag van tyd tot tyd en onder sodanige omstandighede en terme as wat die bestuur in hulle eie diskressie mag goeddink, die Klub beskikbaar stel aan ander persone vir die aanbied van ander aktiwitieite vir hulle eie gewin, met dien verstande dat:"

44.2.1 Die doel van sodanige aanbieding ook tot die voordeel van die lede is.

44.2.2 "Die klub sal nie verantwoordelik wees vir skulde, laste skade of beserings van enige persoon of eiendom nie."

44.2.3 Die magtiging om sodanige aanbieding te laat geskied mag te enige tyd teruggetrek word.

44.2.4 Sodanige aanbieding sal nie in direkte of indirekte kompetisie wees met enige besigheid of aktiwiteite wat die Klub vir sy eie sak bedryf nie en ook nie in direkte kompetisie van Xamarin guestfarm en country club nie.

44.2.5 Die Klub sal nie verantwoordelik wees vir enige skade veroorsaak deur enige persoon of lede en werknemers van die Klub aan enige eiendom van die aanbieder of verlies deur diefstal of andersins van sodanige aanbieder se eiendom nie.

45. GEBRUIK VAN GEMOTORISEERDE GHOLF KARRETJIES

"Die Klub sal nie verantwoordelik wees vir beserings deur lede of besoekers agv die gebruik of misbruik van gemotoriseerde gholf karretjies nie. Die bestuur sal nie verplig wees om stoorplek te verskaf of verantwoordelik wees vir enige skade deur diefstal of andersins, sou stoorplek verskaf word nie."

46. INTERPRETASIE VAN REELS

"Indien daar enige despuut sou bestaan oor die bedoeling en interpretasie van hierdie reels, sal die bestuur die finale arbiter wees en sy besluit sal bindend wees op alle lede. Sou enige vraag ontstaan waarvoor nie voorsiening gemaak word in hierdie reels nie, sal die bestuur die mag he om hieroor te besluit, welke besluit ook bindend sal wees op alle lede."